


KINDERWERKKAART

Handelinge 16:16-40

LEEF VIR JESUS



OUERTOERUSTING VIR DIE WEEK

- Lees deur **Handelinge 16: 16-40** saam met jou kind(ers) in hierdie week.
 - Lê by jou kind vas dat ons vir die Here moet leef.
 - Niks wat ons doen moet ons net vir onself, of ons selfsugtige redes doen nie, maar ons moet altyd probeer om soos en vir, Jesus te leef.
 - Ons moet onself altyd vra:
 - Sou Jesus dit gedoen het? OF
 - Hoe sou Jesus dit gedoen het?
 - Dit is moeilik in vandag se lewe om te leef soos God van ons verwag, want dis baie keer anders as wat die meeste mense om ons doen en dit maak ons soms ongewild. In sommige lande word mense selfs in die tronk gegooi as hulle Bybel lees!
 - Dis ook moeilik, veral as mens kwaad word of geïrriteerd is, om steeds te doen wat Jesus van ons verwag, maar ons moet net aanhou probeer. Naderhand sal ons dit vanself begin regkry, hoe meer ons dit doen.
 - Dis nie belangrik wat die wereld van ons dink nie – dis net belangrik wat God van jou dink, want dit bepaal waar ons eendag heengaan as ons sterf en om die ewige lewe te kry is baie belangriker as die lewe wat ons hier op aarde lewe.
 - Deur hoe ons leef, kan sons mense van God leer. Al lees hulle nooit 'n Bybel nie – as jy vir Jesus leef en soos Jesus leef, sien mense Hom deur jou.
-
- **Sing saam Lied 292 – “My enigste troos”**

LIED 292

1. My enigste troos in lewe en dood
is dat ek aan Jesus Christus behoort.
Met sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop –
Ek behoort aan die Here.
Niks sal my ooit van Hom kan skei.
Met sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop –
dis my anker, my vaste hoop.
2. Die doop is die seël dat die Heilige Gees
my 'n kind van God, die Vader laat wees.
Sy onfeilbare Woord is die gids wat ons lei;
deur sy liefde bewaar Hy my.
Ek behoort aan die Here.
Niks sal my ooit van Hom kan skei.
Sy onfeilbare Woord is die gids wat ons lei;

Werkkaart vir al die kinders.

Gesels lekker met jou kinders oor die onderwerp terwyl julle werk

Help jou kind(ers) om hierdie te beantwoord.

Vra hulle om eerlik te antwoord met **wat hulle regtig doen** in so situasie **teenoor hoe ons veronderstel is om op te tree**.

Die **groter kinders** wat al kan skryf, kan hulle antwoord eers neerskryf en dan kan julle dit agterna bespreek.

Vir die **kleintjies**: Lees die gebeurtenis in die linkerkantse kolom en vra hulle wat hulle sal doen.

Gesels met jou kind(ers) oor hulle antwoorde en waarom dit soms moeilik is om die regte ding te doen.

Verduidelik ook aan hulle dat 'n mens soms geleenthede moet SOEK om vir en soos Jesus te leef – soos bv. om die ou tannie te help – dis nie NODIG dat ons dit doen nie, maar dis 'n goeie ding om te doen en sal die tannie gelukkig maak, al kry ons nie iets daarvoor nie.

Deur ander gelukkig te maak, maak ons ook onself gelukkig en maak ons ook vir Jesus bly.

Laat die kinders nog voorbeelde van hulle eie byvoeg.

| WAT HET GEBEUR | WAT SOU JESUS DOEN |
|--|---------------------------|
| Ek sien 'n maatjie eensaam en alleen staan pouse – niemand speel met hom /haar nie | |
| 'n Ou tannie sukkel om al haar pakkies gedra te kry. | |
| Ek is kwaad want my boetie het my lekkers opgeëet sonder om te vra. | |
| Ek is lus vir 'n koekie en almal is buite – niemand sal sien as ek een vat nie. | |
| Ek is besig om my storie op die TV te kyk en mamma sê ek moet dit afsit en saam met hulle kom kerk kyk op die internet. | |
| Ek het katikasie werk wat ek moet doen vir Sondag, maar ek wil eerder my storie op die TV kyk of by my maatjie gaan speel. | |
| Ek en my sussie stry en sy trek my hare. | |
| Juffrou is nie in die klas nie en almal gesels klip hard en hol in die klas rond. | |
| | |
| | |
| | |
| | |

Maak vir hulle 'n "Leef vir Jesus" armbandjie:

Neem enige kleur plastiek strooitjie(s).



Vou bakpapier dubbel en plaas die strooitjie(s) tussen die twee stukke bakpapier.

Neem 'n warm strykyster (ouers moet hierdie eerder self doen) en stryk nou die strooitjie(s) plat, tussen die twee stukke bakpapier.



Haal dit uit en skryf met n permanente merker die woorde **LEEF VIR JESUS** of **WAT SOU JESUS DOEN** daarop.

Maak 'n klein gaatjie aan die punte van die strooitjie en ryg 'n lintjie, wollietjie of toutjie deur sodat dit kan vasmaak op die punte om 'n armband te vorm wat hulle kan dra om hulle te help om te onthou om vir Jesus te leef en te doen wat Jesus sou doen.

